SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

10 Oktober 2024

**Alle SSK Graanprodusente**

**SAADBESTELLING VIR KOMMERSIëLE GRAANSAAD & CANOLA**

SSK streef daarna om deurlopend wêreldklas diens en produk aan sy lede en klante te lewer en deel daarvan is om saad aankope en voorraad optimaal te bestuur. Samewerking van produsente in hierdie verband is dus uiters belangrik en word u vriendelik versoek en herinner om kennis te neem van die bestaande onderstaande reëlings, ten einde SSK in staat te stel om hierdie proses tot voordeel van SSK, sy lede en klante te kan bestuur.

1. Indien graan vir saaddoeleindes verlang word, sal SSK dit hoog op prys stel indien u die inligting sal vasvang op u SSK Kliënte portaal onder "GRAIN \ SEED ORDERS" afdeling, of die vorms voltooi en terugbesorg aan gerdus.steyn@ssk.co.za voor of op **30 November 2024.**
2. Saad wat na 30 November 2024 bestel word en wat dus spesiaal vir die produsente wat laat bestel het by ander instansies aangekoop word, sal noodgedwonge teen die duurder prys van die aangekoopte saad gefaktureer word.
3. Ingevoerde saad (insluitende Canola saad) waarvan SSK nie die lisensie houer is nie en wat deur SSK aangekoop word kan nie gekanselleer word nie.
4. Saad waarvan SSK die lisensiehouer is, sal toegelaat word om **10%** van die totale bestelling, per kultivar skriftelik te kanselleer, met volgende aanvullende voorwaardes:
   - 4.1 Indien u meer as 10 % van aanvanklike bestelling wil kanselleer of terug lewer aan SSK en waarvan die saad nie weer aan iemand anders verkoop word nie, sal dra koste gefaktureer word en die saad ge-allokeer vir u vir die daaropvolgende plantseisoen en moet derhalwe ingereken word by u saai / plant beplanning.
   - 4.2 Geen grootmaat verpakkings, waarvan die seël gebreek is, word teruggeneem vir herverkoop nie. U word aanbeveel om die laaste hoeveelhede van ‘n soort in die vorm van klein sakkies (50 kg) te neem, ten einde die oortollige saad te kan terugbring as deel van 10% kandsellasie toleransie.
   - 4.3 Saad wat met Flite, Galmano Plus, Evergol Energy, Celest Top, Real Start IPM, Biocult of Biocult Rootgaurd behandel word, kan nie gekanselleer of terug gelewer word nie.
5. Alle saad wat met produkte behandel word, wat nie deur SSK gebruik word of ongerigistreer is, word op die produsent se eie risiko gedoen en SSK sal geen verantwoordelikheid dra vir ontkiemings probleme van die saad nie.

**SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK** SSK **SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD**
GEREGISTREER KRAGTENS WET NR. 14 VAN 2005 / REGISTERED IN TERMS OF ACT NO.14 OF 2005
FSP Lisensie Nr. 1107 / FSP Licence No. 1107 1943/000002/24 NKR Lisensie Nr. 165 / NCR Licence No. 165
HOOFKANTOOR / HEAD OFFICE: Voortrekstraat 34 / 34 Voortrek Street, Swellendam 6740, Posbus / P. O. Box 12, Swellendam, 6740
**Tel:** (028) 514 8600, **Faks / Fax:** (028) 514 8656, **E-pos / Email:** info@ssk.co.za
Direkteure / Directors: D.H. van Papendorp (Voorsitter / Chairperson), S.W. Viljoen (Onder-Voorsitter / Vice Chairperson), J.H. Barry, J.M. Joubert, M.G. Lourens, M.J. Odendaal, M. Pienaar, J.E. Robertson, A.J. Steyn, M.S. Streicher, P.S. Uys

6. Die kultivars wat beskikbaar is verskyn op die saadbestellingsvorm. Indien daar n behoefte is aan n kultivar wat nie op die lys verskyn of selfs n behandelings keuse kan u direk kontak maak met die saadafdeling om u keuse uit te oefen.
7. Ontkiemingstoetse sal daagliks tydens die skoonmaakproses gedoen word om te verseker dat ‘n hoë standaard gehandhaaf word.
8. Geen telefoniese saadbestellings sal aanvaar word nie**.** Slegs bestellings wat op die voorgeskrewe metode soos in punt 1 aangedui geplaas word sal aanvaarbaar wees.
9. **Voltooi asb u saadbestelling op u SSK Kliënte portaal onder “GRAIN \ SEED ORDERS” afdeling, of voltooi die vorms en besorg dit terug aan gerdus.steyn@ssk.co.za voor of op 30 November 2024.**

Navrae in verband met saad kan gerig word aan:

| | | |
|---|---|---|
| Gerdus Steyn | Tel | (028) 514 8687 |
| | Sel | (082) 521 4515 |
| | E-mail | gerdus.steyn@ssk.co.za |

U samewerking word waardeer.

GR STEYN
SENIOR BESTUURDER: SAAD